ISSN 1995-5928
Ingesluit LitNet Akademies

Die onvoltooide verhaal van die Hardekraaltjie-begraafplaas

Chefferino Fortuin
Seminare en essays
2021-10-29

Chefferino Fortuin (foto: verskaf)

Die onvoltooide verhaal van die Hardekraaltjie-begraafplaas wat die "armer kleurling"-gemeenskap in Kaapstad se noordelike voorstede gedien het

Tiervlei aan die buitewyke van Kaapstad is my geboortedorp waarnatoe my grootouers vanaf Ceres verhuis het gedurende die 1930's. Ses van my ouma se kinders, insluitende my moeder, is in Tiervlei, in die noordelike voorstede van Kaapstad, gebore. Apartheid het ons familie versplinter; my grootouers sowel as my ouma het grond verloor in die proses. My ouma en moeder is uiteindelik Belhar toe gedwing.

Aanvanklik het ek my familiegeskiedenis nagevors en was teleurgesteld met hoe min van die geskiedenis van Tiervlei, insluitend die gedeelte later bekend as Ravensmead, opgeteken is terwyl 'n ryke geskiedenis in die geheue van die seniors leef. Dit het my aangespoor om te skryf oor die geskiedenis van die gebied vanuit die perspektief van die geheue van my gemeenskap, aangevul met ander bronne. Dit was my ontmoeting met Hardekraaltjie, waar geliefdes en vriende te ruste gelê was. Die jeug het meesal in die bos en begraafplaas in die omgewing waar die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Tygerberg-hospitaal is, gaan hout kap en gespeel.

......

Die artikel word opgedra aan my Tiervlei- en omringende gemeenskap wat nie weet wat met hul geliefdes gebeur het wat in die begraafplaas begrawe was nie. Dit is emosioneel uitputtend om te besef hoe opeenvolgende staatsinstellings die begraafplaas verwaarloos en die betrokkenes te na gekom het.

....

Die artikel word opgedra aan my Tiervlei- en omringende gemeenskap wat nie weet wat met hul geliefdes gebeur het wat in die begraafplaas begrawe was nie. Dit is emosioneel uitputtend om te besef hoe opeenvolgende staatsinstellings die begraafplaas verwaarloos en die betrokkenes te na gekom het. Ons oorledenes was eers in die bos geplaas, geklassifiseer as die armer gekleurde klas en later as onbekende persone gemerk en verwyder en uiteindelik net verwyder om plek te maak vir 'n sportveld.

Die noordelike voorstede in Kaapstad het 'n ryk kultuurgeskiedenis en erfenis met verskeie lae in sy ongedefinieerde historiese stedelike landskap wat erfenisbewaringstatus waardig is. Die voormalige Hardekraaltje Uitspan en bosreservaat is een van hierdie terreine met baie onontdekte lae. Die fokus van hierdie artikel is die meer as 100-jarige begraafplaas wat gestig is vir die "armer gekleurde klas" wat gedurende 1947 gesluit is en later vir 10 sent verkoop is. Die ou begraafplaas wat as 'n sportveld geoormerk is, is geleë op die mediese gebied wat grens aan die Tygerberg-hospitaal en die Transnet-spoorwegwerf in Bellville. Figuur 1 illustreer die begraafplaas met betrekking tot die mediese distrik en die Transnet-spoorwegwerf.

Figuur 1. Lugfoto 2021, geredigeer.

Die begraafplaas was 'n belangrike plek in die lewe van die gemeenskap. Die trustees, die afdelingsraad en laastens die Parow-munisipaliteit was verantwoordelik vir die bestuur van die begraafplaas en die verkoop daarvan aan die Universiteit Stellenbosch. Die eens geïsoleerde begraafplaas in die bos weggesteek het spanning en 'n obstruksie in die voortdurende ontwikkeling van die gebied veroorsaak. Dit was die rede vir die sluiting en verkoop daarvan aan die Universiteit Stellenbosch vir eiendom wat verlore gegaan het weens die uitbreiding van Tiervlei en vir die Suid-Afrikaans Spoorweë-werf.

Ek voel sterk dat die ou begraafplaas herstel moet word as plek van herinnering aan 'n verlede wat byna verlore was, maar wat kan herleef. Dit moet onthou word benewens die ontmensliking van die "armer kleurling" deur die Parow-munisipaliteit. Die munisipaliteit het die oorledenes verwyder en geklassifiseer as "onbekende persone" en hiermee die identiteite van die gemeenskap en families van die oorledenes van so ver as Kuilsriver, Bellville, Florida Estate, Stonehill, Tiervlei en Matroosfontein weg geskil, soos bespreek sal word. Daar word ook berig dat die Universiteit Stellenbosch beendere verwyder het, wat die onderwerp van huidige ondersoeke is.

Om toegang tot die geïsoleerde begraafplaas in die bos te verkry, moes jy die goed-onderhoude Uitspan-gebied verbysteek, die spoorlyn en die rivier oorsteek en die bosreservaat navigeer. Die geskiedenis van die begraafplaas en wie daar begrawe was, kon geleenthede gebied het om te verstaan hoe mense die verlede waargeneem het. Hayden (1995:9) sien identiteit as intiem gekoppel aan geheue en noem dat stedelike landskappe die stoorkamers van die sosiale herinneringe van gesinne en gemeenskappe is.

Figuur 2. Kaart 1880-1890 SG Kartering vir die gebied geredigeer. Die omvang van die voormalige Hardekraaltje Outspan.

Die gedeelte waar die huidige Hardekraaltjie-karavaanpark geleë is op die voorheen "Hardepad", nou Voortrekkerweg, Bellville, is slegs 'n klein gedeelte van waar diere en reisigers verfris het op die Hardekraaltje Uitspan gedurende die 1800's en 1900's. Die res van die bosreservaat was dig bebos en die begraafplaas was in hierdie gedeelte.

Figuur 3. SG Kartering vir die gebied geredigeer. Die omvang van die voormalige Hardekraaltje Outspan.

....

Apartheid, ontwikkeling en verstedeliking het die identiteit van die Hardekraaltjie Uitspan en bosreservaat uitgewis. Dit het ook die Uitspan-naam, die weiding, rus en sosiale ruimte verminder tot 'n "toon" van die voetspoor aan die Hardepad-kant en hernoem tot Voortrekkerweg, Bellville.

....

Apartheid, ontwikkeling en verstedeliking het die identiteit van die Hardekraaltjie Uitspan en bosreservaat uitgewis. Dit het ook die Uitspan-naam, die weiding, rus en sosiale ruimte verminder tot 'n "toon" van die voetspoor aan die Hardepad-kant en hernoem tot Voortrekkerweg, Bellville. Die voormalige Hardekraaltjie Uitspan en bosreservaat is grotendeels ontwikkel, met die Transnet-spoorwegwerf en Tygerberg-hospitaal wat die grootste onontwikkelde gedeeltes besit.

Roders and Bandarin (2019:12) beskou stedelike erfenis as 'n kollektiewe skepping. Hulle glo opeenvolgende samelewings laat die uitdrukking van hul kultuur in 'n gedeelde ruimte geleidelik.

Hardekraaltje-geskiedenis

Geografies gedefinieerde gebied

Hardekraaltjie was 'n historiese Uitspan, een van verskeie rusplekke vir diere en reisigers wat vanaf die 18de eeu na en van die Kaap gereis het. In Augustus 1938 het die Kaapse Afdelingsraad aansoek gedoen vir die Toekenningsakte van ses (6) Uitspanne, insluitend gelys as "(d) Haardekraaltjie" van die Departement van Lande (Kaapse Argief Depot, PAR 19/A/114).

Figuur 4. Kaapse Argief (ibid) Uitspan, diagram 806/1874.

Die landmeter-generaal gee kennis in September 1938 aan die Kaapstadse provinsiale sekretaris dat die Haardekraaltjie Uitspan, as ongeregistreerde kroongrond oorspronklik in 1874 as 'n Uitspan, diagram nr. 806/1874(sien figuur 4) verklaar is, maar gedeeltes van die grond was alreeds vir ander doeleindes gebruik (ibid), insluitend die begraafplaas reeds verklaar gedurende 1909.

Die begraafplaas se vestiging, ontwikkeling en sluiting

Figuur 5. Toegang vanaf die Hardepad.

Die kantoor van die Burgerlike Kommissaris Kaap het gedurende Januarie 1910 kennis aan die Kaapse Afdelingsraad gegee oor die beskikbaarheid van die titelakte vir die uitreiking aan die trustees vir die bestuur van die Harde Kraaltje-begraafplaas (Kaapse Argief Depot, 4/CT 4/1/6).

Ingevolge Wet 3 van 1883 magtig die Akte die vestiging en bestuur van 'n openbare begraafplaas. Die akte het twee morge grond aan die trustees verleen om die Harde Kraaltje-begraafplaas naby Bellville te bestuur. Die grond was vanaf 4 Januarie 1910 as 'n openbare begraafplaas aangewys (Kaapse Argief Depot, 3Bell/296/12). Die diagram Figuur 5 toon die rigting van die pad vanaf die Uitspan op die "Hardepad"-hoofpad (ibid). 'n Korrespondensie gedateer 25 Mei 1945 verwys na die toegangspad wat deur voorskriftelike regte 'n openbare serwituut geword het. Dit was vanaf die Kaapstad-Bellville-hoofweg oor die Uitspan, oor die spoorlyn deur die ou bosbou-oorgang naby die hekwagter se kothuis by die spoorweg oor die Elsiesrivier in 'n suidelike rigting na die begraafplaas (ibid).

Figuur 6. 1941-Hardekraaltjie-terrein sluit steeds die begraafplaas en 'n kleiner voetspoor van die Hardekraaltjie-reservaat in.

Die begrafnisgrond is toegestaan vir die gebruik van die armer gekleurde klasse aanvanklik binne die grense van die Tigerberg- en Kuilsriver-veldkornet. Tygervallei is later toegelaat om die begraafplaas vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf 1928 te gebruik. In 'n vergadering met die afdelingsraad gedurende 1943 het 'n trustee, mnr Swan, genoem dat mense van so ver as Matroosfontein by die begraafplaas begrawe (ibid) is. Die trustees in Desember 1941 was JA Duminy, BW Duminy en JR Smuts van Bellville. AH Swan is aangestel as trustee met die bedanking van JA Duminy en SG Muller in November 1942 (ibid). Die trustees het die afdelingsraad in April 1943 genader om te help met die instandhouding van die begraafplaas as gevolg van die slordigheid en swak instandhouding van die gronde. Hulle het ook hulp gesoek met die toegangspad oor die Elsiesrivier, wat moeilik was om gedurende die reënseisoen te navigeer, en gevra vir 'n oorgang of brug oorkant die spoorweghek. 'n Bykomende aanbeveling is aan die raad voorgelê dat die begraafplaasbestuur deur die Kaapse Skiereiland-begraafplaasraad oorgeneem moet word.

Na 'n inspeksie in April 1944 het die trustees van die Kaapse Skiereiland-begraafplase aanbeveel dat die raad 'n pad vanaf die hoofpad en 'n brug oor die rivier tussen die spoorlyn en begraafplaas moet bou voordat die versoek oorweeg kan word. Die raad het die ingenieur versoek om uitvoerbaarheidstudies vir toegang van Stonehill, Florida en Tiervlei te doen, aangesien die meeste van die begrafnisse uit hierdie gebiede sou wees. Na beraadslagings is die versoek van die hand gewys weens die koste en die klein omvang van die begraafplaas. Die voorgestelde alternatiewe toegangspaaie was ook nie 'n haalbare oplossing nie. Daarbenewens was die Suid-Afrikaanse Spoorweë (SAS) nie toeganklik vir toegang oor hul nuwe eiendom nie (ibid).

In Julie 1944 berig die afdelingsraadingenieur dat 'n voorstel ingedien is dat 'n gedeelte by die La Belle Alliance Uitspan opsygesit word as 'n begraafplaas vir Bellville, Stikland en Bellville-Suid omdat dit nie haalbaar was om 'n toegangspad by Hardekraaltjie te bou nie. Die afdelingsraad het die voorstel in September 1944 aanvaar om 'n begraafplaas by die La Belle Outspan Stikland te stig en die Hardekraaltjie-begraafplaas te sluit. Die raad het die versoek vir die sluiting van die begraafplaas en die vestiging van 'n begraafplaas by die La Belle Uitspan gedurende Oktober 1944 by die Provinsiale Administrasie ingedien. Die Provinsiale Administrasie het die raad ingelig dat die Bellville-landdros geen beswaar bied teen die voorgestelde sluiting gedurende Maart 1945 nie, mits dit toeganklik is vir die families van die oorledenes om die grafte te besoek. Navrae is gedoen oor watter voorsiening vir hierdie versoek gemaak word. Die SAS het bevestig dat toegang oor spoorweggrond nie toegelaat kan word nie en het 'n alternatiewe voorstel gemaak langs die nuwe voorgestelde afdelingsraadpad of 'n gedeelte langs die spoorweggrond.

Die toegang vanaf 1910 sou moeilik wees om te behou as gevolg van die konstruksie van die spoorwegwerf. In Desember 1945 was 'n ooreenkoms bereik tussen die afdelingsraad en die SAS. Die SAS stem in om toegang tot die begraafplaas toe te laat via die huidige toegang oor spoorweggrond soos reeds beskryf. Sodra die spoorwegwerfkonstruksie begin, sou die ou toegang gesluit word en die SAS sou 'n voettoegang bied vanaf die hoofweg wes oor die hooflyn oor die Elsiesrivier na die begraafplaas. Die SAS-verbintenis sluit toegang oor die hooflyn met die oprigting van 'n draaihek in die heining en 'n toegangspad na die begraafplaas (ibid).

In Maart 1946 het die Provinsiale Administrasie die bevel uitgereik vir die sluiting van die Hardekraaltje-begraafplaas kragtens Ordonnansie 13 van 1917. Die trustees van die Kaapse Skiereiland-begraafplase het in September 1947 by die afdelingsraad navraag gedoen oor die status van die Haardekraaltje-begraafplaas sedert die opening van die Stikland-begraafplaas. Die raad het in Oktober 1947 aangedui dat die Haardekraaltje-begraafplaas slegs vir begrafnisdoeleindes gesluit is en verwys na die Wet op Begraafplase 5 van 1883 wat bepaal dat die eienaarskap van die grond by die trustees van die begraafplaas berus. Daar is geen plig op die raad om die oorledenes op te grawe of vir die verwydering van die beendere nie. Die trustees van die begraafplaas versoek in Oktober 1947 die Bellville-landdros om van hul pligte onthef te word, aangesien die begraafplaas in Junie 1946 reeds gesluit is (ibid).

Die hoofgesondheidsklerk van die afdelingsraad teken in 'n memo aan die Mediese Beampte in Oktober 1947 die opname van die gesondheidsinspekteur, JE Retief by Haardekraaltje, soos volg in Oktober 1947 aan. Die begraafplaas is 2 morge groot. Mnr Swan, 'n trustee, het genoem daar was sedert 1942 539 begrafnisse. Ongelukkig is daar geen rekord van vroeëre begrafnisse nie. Mnr Retief het verklaar die begraafplaas is omhein met doringdraad en grafte is oor die totale omvang van die gebied versprei, en in 'n verwaarlooste toestand. Hy het geraam dat 25% van die westelike kant oorgroei was met bos (ibid). Hy het 701 grafte getel wat deur hope sand, bakstene en houtkruise ens aangedui is. Dit was nie moontlik om die totale aantal grafte akkuraat te skat nie, want die platmaak van bulte en die bedrywighede van molle het die spore van grafte verwyder. Hy het twee grafte met marmerblaaie en nog agt grafte met houtkruise getel met name wat steeds sigbaar is.

....

Die toestand van verwaarlosing van die begraafplaas was duidelik met geen beheer- of instandhoudingsplan nie (ibid). Gedurende September 1948 het die Provinsiale Administrasie die afdelingsraad ingelig van die versoek van die trustees om die administrasie van die begraafplaas ingevolge die Wet op Begraafplase te beëindig.

....

Die toestand van verwaarlosing van die begraafplaas was duidelik met geen beheer- of instandhoudingsplan nie (ibid). Gedurende September 1948 het die Provinsiale Administrasie die afdelingsraad ingelig van die versoek van die trustees om die administrasie van die begraafplaas ingevolge die Wet op Begraafplase te beëindig. Hulle doen navraag of die afdelingsraad die begraafplaas sal kan oorneem. In Desember 1948 het die raad die ingenieur versoek om 'n skatting vir die omheining van die begraafplaas in te dien. Die raad het die Provinsiale Administrasie in Januarie 1949 ingelig oor sy besluit om die begraafplaas oor te neem en te omhein (ibid). Die SAS gee kennis in Januarie 1951 aan die afdelingsraad dat die toegang tot die begraafplaas na die bou van die spoorwegwerf nie meer moontlik is nie en het 'n alternatiewe toegang deur die nuwe tonneldeurgang by Bellville-stasie voorgestel wat in Januarie 1951 aanvaar is. Die SAS het gedurende Februarie 1951 die raad kennis gegee dat die ou toegang daar sal bly totdat die Bellville-stasie in ongeveer 1953 in werking geneem word (ibid).

Die Parow-munisipaliteit het in Maart 1971 die Departement van Plaaslike Regering versoek om die begraafplaas aan die munisipaliteit oor te dra. Die Universiteit Stellenbosch versoek in Maart 1971 dat die Hardekraaltjie-begraafplaas-eiendom bekom word in ruil vir die grond wat die universiteit moes afstaan vir die Parkdene-hoofpadstelsel by Tiervlei (Kaapse Argief Depot, AA140/52/1/1). Die Provinsiale Departement van Administrasie het die munisipaliteit in April 1971 aangeraai om Ordonnansie 19 van 1951 te volg met betrekking tot die versoek en vir die opgrawing en die herbegrawe van die oorledenes (ibid).

Die munisipaliteit het in Augustus 1971 versoek dat die begraafplaas oorgedra word en vir toestemming vir die opgrawe van die afgestorwenes om verskuif te word. Die direkteur van plaaslike regering is meegedeel dat geen besware gedurende die advertensietydperk ontvang was nie (ibid). Die Departement van Gesondheid het in Augustus 1971 toestemming gegee vir die opgrawe van die oorledenes by die begraafplaas asook vir die herbegrawe daarvan. Die Provinsiale Administrasie het die munisipaliteit in Augustus 1971 ingelig oor die voorwaardes vir die opgrawe van die oorledenes asook die oordrag en sluiting van die begraafplaas (ibid). Gedurende September 1972 gee die munisipaliteit kennis aan die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering oor die herbegrawe van die "onbekende persone" by die Stikland-begraafplaas wat van die Hardekraaltjie-begraafplaas verskuif was (ibid).

Die munisipaliteit versoek magtiging om die eiendom teen 'n nominale fooi van 10 sent aan die Universiteit Stellenbosch oor te dra vir die vestiging van sportgeriewe (ibid). Die munisipaliteit gee kennis dat geen besware gedurende die advertensietydperk ontvang is teen die oordrag van die begraafplaas nie (ibid). Die Provinsiale Administrasie het in Oktober 1972 toestemming verleen aan die munisipaliteit om die Hardekraaltjie-begraafplaas vir 10 sent oor te dra (ibid). Bogenoemde stuk oor die openbare deelname proses sal in 'n latere afdeling gekontekstualiseer word om die onreg wat gedoen is, te illustreer, aangesien dit bespreek sal word om die betekenis en belangrikheid van die begraafplaas as erfenisgebied te illustreer. Kamete (2007) verklaar ontwikkeling in enige omgewing word beïnvloed deur elemente soos die politieke omgewing en sosio-ekonomiese toestande van die era. Opeenvolgende verslae in opdrag van die Universiteit Stellenbosch dui aan huidige grafte wat die vraag laat onstaan of alle liggame wel deur die Parow-munisipaliteit opgegrawe was ? Die verslae word in die afdeling oor die huidige grondeienaars bespreek.

Die regulerende en wetgewende omgewing

Eiendomstitelakte-beperkings

Die titelakte bied die volgende bykomende inligting: 16840/74-voorwaardes vir erf/plot 15349, Parow Hardekraaltjie-begraafplaas verklaar die munisipaliteit het die eiendom vir tien sent (10c) op 4 Oktober 1972 verkoop, "onderhewig aan sodanige voorwaardes soos waarna verwys word in Grondbrief gedateer 4 Januarie 1910", Universiteit Stellenbosch.

Die Akte van Toekenning kragtens Wet 3 van 1883 magtig die vestiging van 'n openbare begraafplaas en die bestuur van die Hardekraaltjie-begraafplaas. Die grond moet daarvolgens vanaf 4 Januarie 1910 as 'n openbare begraafplaas gebruik word (Kaapse Argief Depot, 3Bell/296/12). Die beperkende voorwaardes kon destyds slegs deur die Wet op Opheffing van Beperkings 84 van 1967 verwyder of gewysig word. Die beperkende voorwaardes is nie verwyder of gewysig toe die eiendom aan die Universiteit Stellenbosch oorgedra is nie, aangesien dit aandui "... onderhewig is aan sodanige voorwaardes soos na verwys word in Grondbrief gedateer 4 Januarie 1910".

Erfeniswetgewing

Die demokratiese wetgewing reguleer die verhouding tussen die staat, staatsinstellings en die publiek met betrekking tot erfenishulpbronne. Die uitdaging wat in ag geneem moet word, is of die huidige wetgewing die gevolge en skade wat deur die koloniale en apartheid-projek veroorsaak was, voldoende aanspreek om die sosiale samestelling van die samelewing, die rasseklassifikasie en herklassifikasie te herstel. Neem dit ook die gevolge in ag van die gedwonge verskuiwing van gemeenskappe en die skewe sosio-ekonomiese ontwikkelingspatrone gebaseer op ras?

Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne van 1999 bepaal dat die "nasionale boedel" die erfenishulpbronne van die land is wat van kulturele belang of spesiale waarde vir die huidige samelewing en toekomstige geslagte is. Die fokus vir hierdie artikel is 3(2)(g)-"grafte en begraafplase" wat in deel 2 gelys word vir algemene beskerming. Afdeling 36 beskryf die sorg waarmee begraafplase hanteer moet word. Artikel S36(3)(a): Niemand mag sonder 'n permit die oorspronklike posisie vernietig, beskadig, verander, uitgrawe of verwyder of andersins die graf van 'n slagoffer van konflik of enige begrafnisgrond of deel daarvan wat sulke grafte bevat, versteur nie. Die wetgewing vereis verder in artikel 36(6)(b) dat 'n verteenwoordigende gemeenskap direkte afkoms moet aandui om gesag oor die item van erfenis te eis. Die vereiste van bewys van afkoms is problematies. Met verwysing na Hardekraaltje is die begraafplaas deur regeringsinstellings half opgegrawe, gesnoei en gesloop. En in die opgraweproses is die dooies deur die staat geherklassifiseer as "onbekende persone". Onder hierdie omstandighede word dit moeilik om "direkte afkoms" te bewys.

Rugg (2000) verwys na Meyer (1997) wat noem dat begraafplase kenmerke van 'n afgestorwe persoon se lewe, geboortedatum en dood aandui. Die doel is om die identiteit van die oorledene uit te beeld en te bewaar. Ander fisiese kenmerke van die begraafplaas sluit in die omvang en interne uitleg, die heiligheid en pelgrimstog na die terrein, insluitend die vermoë om op te tree as 'n instelling vir hartseer en herdenking van 'n bepaalde individu. Die identiteit van die oorledene word in die landskap verskans as 'n spesifieke graf, en elke graf geregistreer in die terrein, wat elke gesin 'n gevoel van eienaarskap en beheer oor die gedeelte gee. Hierdie bewerings word bevestig in dokumentasie met betrekking tot Hardekraaltjie soos vroeër genoem, toe die afdelingsraad se gesondheidsinspekteur die begraafplaastoestand gedurende Oktober 1947 noukeurig aangeteken het (Kaapse Argief Depot, 3Bell/296/12). Dit stem ook ooreen met artikel 2(xiii) van die NHRA-Wet wat 'n graf definieer as 'n plek van hartseer en rou en sluit die inhoud, kopsteen of ander teken van so 'n plek in, en enige ander struktuur op, of wat verband hou met, so 'n plek.

Maar 25 jaar later, in September 1972, gee die Parow-munisipaliteit die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering kennis van die herbegrawe van die "onbekende persone" by die Stikland-begraafplaas wat uit die Hardekraaltjie-begraafplaas verskuif is (Kaapse Argief Depot, AA140/52/1/1). Die begraafplaas-eienskappe en die aanwysende tekens soos beskryf as rusplek deur Rugg (2000) en ander bestaan nie meer nie, aangesien die bogenoemde tekens nie meer sigbaar is nie. Wie het dit verwyder en waar is dit? Des te meer omdat die liggame wat uitgegrawe is, herklassifiseer is. Die definisie soos per artikel 2(xiii) van die NHRA kan onder hierdie omstandighede nie meer as bewys dien nie. Dit terwyl twee verslae met behulp van grondondersoekradar in opdrag van die Universiteit Stellenbosch (2015 en 2020) wat in 'n ander gedeelte bespreek gaan word, moontlike ongemerkte grafte bevestig. Hierdie ongemerkte grafte het 'n soortgelyke lot as die aanwysende tekens gely – die amptelike adres as finale rusplek is verwyder.

....

Ek stem saam met Jonker (2005) se argument dat die huidige wetlike en beleidsvereistes vele beperkings het. In hierdie verband het die koloniale bestuur die Hardekraaltjie-omgewing gekies waar die begraafplaas geleë is in 'n digte bos weg van die ontwikkelde gebied. Die begraafplaas is aangewys vir die armer gekleurde klasse.

....

Ek stem saam met Jonker (2005) se argument dat die huidige wetlike en beleidsvereistes vele beperkings het. In hierdie verband het die koloniale bestuur die Hardekraaltjie-omgewing gekies waar die begraafplaas geleë is in 'n digte bos weg van die ontwikkelde gebied. Die begraafplaas is aangewys vir die armer gekleurde klasse. Die Nasionale party-regering van 1948 het die apartheidstelsel van afsonderlike en aparte ontwikkelingstelsel op grond van ras gewettig en geïmplementeer vanaf 1948 tot die vroeë 1990's. Die begraafplaas is gedurende hierdie tydperk, in 1949, gesluit en van die afdelingsraad na die Parow-munisipaliteit oorgeplaas wat dit aan die Universiteit Stellenbosch verkoop het. Die veranderinge het plaasgevind gedurende hierdie onstuimige tydperk in die geskiedenis van die land. Gedurende die koloniale tydperk was die kleurlinggemeenskap wat die begraafplaas gebruik het, reeds 'n benadeelde groep, en tydens die apartheidprojek is hulle verder gemarginaliseer en onderdruk, en aan gedwonge verskuiwings onderwerp.

Die apartheidswetgewing is gedeeltelik afgeskaf met die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Reg, 1991. Die gevolge hang steeds soos 'n ongemaklike donker wolk oor die Suid-Afrikaanse landskap. Die Hardekraaltjie-begraafplaas het die gemeenskappe van die noordelike voorstede vanaf 1910 gedien en in die tyd van die Groepsgebiedewet van 1950 wat in Junie 1991 afgeskaf is. Apartheid was 'n stelsel van gewettigde rasse- en etniese segregasie tussen 1948 en 1991 wat deur die Suid-Afrikaanse regering afgedwing was. Adler (1995:9) herinner ons dat die Bevolkingsregistrasiewet 1950 gelei het tot die identifisering van individue binne hul aangewese rassegroepe. Die wet het elke ras duidelik gedefinieer. Nog 'n proklamasie van 1959, soos gewysig in 1961, het die kleurlinge verder verdeel in 'Kaap-Maleis', 'Griekwa', Chinees en 'ander Kleurling'.

Mesthrie (1994) beskryf hoe die noordelike voorstede geraak is tydens die eerste fase van die Groepsgebiedewet in die 1950's. Aanvanklik was die Kaapstadse Raad huiwerig om dit te implementeer. Die Parow-, Goodwood- en Bellville-stadsrade het egter vanaf die ontstaan aangedui dat gebiede noord van die spoorlyn binne hul jurisdiksie tot wit groepsgebiede verklaar sal word. Dit was die eerste gebiede wat die Groepsgebiede-wetgewing in die Kaap toegepas het. 'N media-artikel berig in 1955 hoe Blankes by Parow die eerste munisipaliteit in die Wes-Kaap word om te reageer op die implementering van die Groepsgebiedewet.

Die nieblanke-gemeenskap is van hul geboorteplek en tuiste verwyder, wat die sosiale struktuur van die familie-eenheid van die gemeenskappe beskadig of vernietig het. Die Wet op Onsedelikheid is in 1927 ingestel en is met die Wet op Seksuele Misdrywe in 1957 vervang. In 1949 is die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike ingestel. Dit is herroep deur die Immoraliteit en Verbod op Gemengde Huwelike Wysigingswet van 1985. Hierdie wetgewing het verhoudings tussen blankes en enige nieblankes gekriminaliseer. Aparte opvoeding en onderwys het geëindig met die instelling van die Suid-Afrikaanse Skolewet in 1996, maar dekades van substandaardonderwys het die nieblanke-gemeenskap agtergelaat in opvoedkundige prestasie. Die Bantoe-onderwyswet van 1953 is vervang deur die 1979-Wet op Onderwys en Opleiding. Die doel van Wet op Kleurlingonderwys van 1963 en die Indiese Onderwyswet van 1965 was om onderwys tussen die twee rasse te skei, te bestuur en te reguleer.

Die verklaring van betekenis vir 'n terrein van erfenisinskripsie is opgesluit in bogenoemde konteks van die begraafplaas met betrekking tot die benadeelde en onderdrukte gemeenskap en hul reg op menswaardigheid. Die gemeenskap se reg as menswees, toegang tot gelyke onderwys en reg op vryheid van beweging en skepping van tuiste as woning en om hulle geliefdes te begrawe was aggressief en gewelddadig van hulle ontneem. Ongeag die identiteit van die oorledene wat hier of elders begrawe is nadat bogenoemde wetgewing ingestel is en verskeie kere verander en selfs geherklassifiseer is, ontstaan die volgende vrae: Hoe pas jy dan die huidige wetgewende vereiste toe wat aandring op bewys van afkoms? Met die opsetlike aparte opvoedkundige-beleid-nalatenskap, hoe neem die benadeelde gemeenskappe deel aan openbare-deelname-prosesse? Om gewelddadig onteien en verwyder te word van 'n tuiste, grond en 'n sosiale omgewing, hoe beskerm jy jou erfenis, grond en kultuur in 'n bepaalde omgewing? Is die na-apartheid staat met sy huidige wetgewing besig om die apartheid-erfenis en -nalatenskap van onderdrukking, onteiening en ontkenning van alle inheemse gemeenskappe te laat voortduur en te laat verleng? Gaan die staat erfenisstatus toeken aan die begraafplaas as simboliese erkenning van die gruweldade van ontkenning en onteiening wat hier plaasgevind het? Gaan goedkeuring verleen word deur Tygerberg-hospitaal en Transnet of gaan die twee instellings ondersoek laat doen op hulle deel van die terrein? Die staat en die Universiteit Stellenbosch moet verantwoording doen.

Die huidige eienaar van die grond

....

Wat is die Universiteit Stellenbosch se aksie vir regstelling as eienaar wat met hulle aansoek vir die grond in 1971 reeds bewus was van die begraafplaas se status nou reeds 50 jaar gelede?

....

Wat is die Universiteit Stellenbosch se aksie vir regstelling as eienaar wat met hulle aansoek vir die grond in 1971 reeds bewus was van die begraafplaas se status nou reeds 50 jaar gelede? Wat was die universiteit se planne met die begraafplaas se grond gedurende die apartheidtydperk van 23 jaar vanaf 1971 tot 1994, asook gedurende die 27 jaar daarna? Wat was die stappe toe hulle bewus geword het van die beendere wat ontdek was, en waar is dit? Wat is die verantwoordelikheid teenoor die gemeenskappe wat geliefdes hier neergelê het in hulle finale rusplek? Wat is die nalatenskap vir toekomstige geslagte en hoe gaan die onreg herdenk word? Hoekom moes die gemeenskap die universiteit in kennis stel van die begraafplaas?

Die universiteit het drie verslae (2014, 2015 en 2020) wat moontlike plekke van ongemerkte grafte op die terrein bevestig. Dit is gedoen nadat die universiteit deur die gemeenskap van die begraafplaas in kennis gestel is. Die verslag deur Perception Planning (2017) bevestig dat die begraafplaas binne die eiendom van die US Tygerberg-kampus geleë is. Twee verslae met behulp van gronddeurdringende radar in 2014 en 2015 dui op moontlike plekke van ongemerkte grafte op die terrein. Die verslag verwys ook na mondelinge geskiedenis wat dui op die ontdekking van menslike oorskot met die konstruksie van die sportveld. Die Sillito-verslag (2020) oor die Tygerberg-kampus-gronddeurdringenderadar-ondersoek bevestig genommerde punte wat waarskynlik plekke van ongemerkte grafte aandui. Die aanvanklike gebied wat geskandeer moes word, 19 337 m^2, is verminder tot 15 076 m^2 omdat die universiteit nie goedkeuring kon kry om toegang tot 'n gedeelte van die oorspronklike gebied nie. Die betrokke oorblywende 4 261 m^2 lê binne die Tygerberg-hospitaal- en Transnet-terreine.

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) is bewus van die begraafplaas op die eiendom en het gedurende 2019 'n Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Visuele Regstellingstaakspan (FGGW VRTT) gestig. Die universiteit het in 2021 'n taakspan saamgestel, wat lede van die gemeenskap ingesluit het, met die doel om 'n herinneringsprojek daar te stel. Dit is 'n ontwikkelende hoofstuk aan die kant van die universiteit.

Gevolgtrekking

Die begraafplaasverhaal is onvolledig en vrae moet nog beantwoord word, maar die betekenis, erfenis en potensiaal vir regstelling van die geskiedenis is onbetwisbaar en ononderhandelbaar. Die wetgewende omgewing het beperkings soos reeds beskryf, insluitend die openbare-deelname-prosesse wat destyds gevolg is sowel as huidige wetgewing en beleide soos geïllustreer. Hardekraaltjie-begraafplaas se betekenis is verstrengel by hierdie kruising van onteiening, verstedeliking, transformasie en erfenis. Die begraafplaas bied 'n geleentheid om te herdenk, herinner en bewaar. Dit is toepaslik nog op sy oorspronklike geografiese ruimte soos beskryf in die Burra-handves, en die titelakte is nie verander nie. Grondondersoekende tegnologie het die teenwoordigheid van moontlike grafte bevestig; afkoms is selfs bewys; die argief bevestig; wetgewende vereistes almal gemerk. Maar is dit genoeg, gegewe ons onstuimige verlede en die konteks van die begraafplaas?

....

Alle begraafplase is betekenisvol, aangesien dit verskillende betekenisse en waardes vir verskillende gemeenskappe simboliseer.

....

Alle begraafplase is betekenisvol, aangesien dit verskillende betekenisse en waardes vir verskillende gemeenskappe simboliseer. "Wat is die aard van ons verantwoordelikheid teenoor die dooies?" was een van die vrae wat Pierre de Vos by die Universiteit van Kaapstad (UK) se dialoogreeks gestel het ter ere van die Rustenburg-begraafplaas wat op 'n gedeelte van die Universiteit Kaapstad-kampus ontdek is (News UCT 2013). Met hierdie vraag is 'n stem aan die stemloses en onderdruktes gegee. In die noordelike voorstede van Tiervlei en Bellville is die Hardekraaltjie-begraafplaas as laaste rusplek reeds versteur en 'n ontwikkelende storie.

Vir die Universiteit Stellenbosch as 'n instelling van hoër onderwys bestaan die geleentheid om die heilige ruimte van herinneringe te erken en 'n gepaste terrein te skep vir die gemeenskap om te gedenk. Dit noop die universiteit om die onreg wat gedoen is, te erken en verantwoording te doen oor die beendere wat verwyder is. My gevoel is dat die tasbare én die ontasbare deel van die universiteit se geskiedenis in die area moet uitmaak. Generasies van 'n stemlose, gemarginaliseerde gemeenskap in die noordelike voorstede van Tiervlei en Bellville sal sodoende erken word as 'n deel van die getraumatiseerde mense van die area. Die erfenisbenoeming sal stem gee aan die vorige stemlose gemeenskap en ons menswaardigheid herstel.

Bibliografie

Hayden, D. 1995. *The power of place: Urban landscapes as public history*. Cambridge. The MIT Press.

Jonker, J. 2005. Excavating the legal subject: The unnamed dead of Prestwich Place, Cape Town. *Griffith Law Review*, 14:2.

Mesthrie, US. 1994. "No place in the world to go" – Control by permit: the first phase of the Group Areas Act in Cape Town in the 1950s. Studies in the History of Cape Town, 7, 187.

News UCT-artikel, 30 Desember 2013. https://www.news.uct.ac.za/article/-2013-12-30-rustenburg-memorial-dialogue-series-honours-slaves (August 2021 geraadpleeg).

Perception planning. 2017. Proposed redevelopment of the Stellenbosch University (SU) Tygerberg Campus, On erf 24602, 18228 & 15394 (Parow), City of Cape Town.

Roders, AP en F Bandarin. 2019. *Reshaping urban conservation: The historic urban landscape approach in action.* Singapoer: Springer.

Rugg, J. 2000. Defining the place of burial: What makes a cemetery a cemetery? *Mortality*, 5(3):259–75.

Sillito, 2020. Stellenbosch University – Tygerberg Campus Ground Penetrating Radar Survey Report, Hardekraaltjie Cemetery Site.

Primêre navorsingsdokumente

Kaapse Argief Depot, AA140/52/1/1.

—. 3Bell/296/12.

—. 4/CT 4/1/6.

—. PAR 19/A/114.

Wetgewing

Republiek van Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996).

—. 1999. Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1996.

—. 1967. Wet op Opheffing van Beperkings 84 van 1967.

- *Oktober 2021, Chefferino Fortuin (Gemeenskapsnavorser)*

Kommentaar

Anton Visagie
2021-11-02 at 18:18

Hierdie artikel is insiggewend en baie hartroerend. Mnr Fortuin stel sy saak deeglik. Sy voorstelle vir regstelling met die begraafplaas, die mense wat daar begrawe is, en die gemeenskap wat geskend was, is oortuigend en hoort daadwerklik aangespreek te word.

Reply

Erica Jacobs
2021-11-04 at 06:17

Dit is sowaar 'n pynlike verhaal. Dankie, Chefferino, dat jy die opskryf van Tiervlei se geskiedenis jou lewenstaak gemaak het. Die Hardekraaltjie-storie wag al 50 jaar om vertel te word en so ook die ontneming van grondeienaarskap van die omliggende area en die gevolglike verarming van die Tiervlei-gemeenskap.

Reply

Willem de Kock
2021-11-04 at 16:29

Wat 'n storie speel hier nie af nie. Dit wag vir 'n goeie skrywer om dit om te sit in 'n roman met karakters en geslagte wat oor die 70 of meer jare die trauma en hartseer, maar ook die hoop van die gemeenskap kan uitbeeld.

Reply

David Olivier
2021-11-04 at 21:14

Trots op jou Chefferino. Dit is harde werk. Jy laat dit so maklik lyk.

Reply

Annora Eksteen
2021-11-07 at 03:47

Mag die Hardekraaltjie-begraafplaas herleef. Dit kan 'n lieflike plek van hartseer en oordenking wees.

Baie dankie Chefferino Fortuin.

Reply

Bethoven Jacobs
2021-11-08 at 15:11

As someone that has lived in and around Bellville South, Tiervlei are area all my, I find the article very intriguing and it reminds me of the stories told by my parents and grandparents about the area and how it came about that they moved here, from Oakdale – Bellville

Well written article, Mr Fortuin.

Reply

Annora Eksteen
2021-11-08 at 19:32

Beethoven, it is indeed an excellent article of Mr Fortuin.

Interesting that there were both a Tiger marsh (Tiervlei in Afrikaans - like the Cape flats?) as well as a Tiger valley - Tygervallei, which is more idyllic between fynbos hills with river steams flowing. Then ... before us all ... the tigers roaming so freely.

Are their bones still there?

Reply

Chefferino
2021-11-10 at 17:38

Anorra, ja, daar is deurdringende verslae in opdrag van die universiteit van 2014, 2015 en so onlangs as 2020 wat aandui dat daar nog beendere op die begraafplaasterrein is. Ek hoop om meer mense te vind wie se geliefdes daar rus om dit te boekstaaf en die skrywe is deel van die bewusmakingsveldtog.

Reply

Annora Eksteen
2021-11-11 at 14:27

Baie dankie Chefferino en Bethoven
Dit is baie belangrik dat die Hardekraaltjie-begraafplaas (so mooi naam), in ere herstel word en die beendere waardig te rustig gelê kan word.
Dit het vir my baie beteken toe ek in 1988 in Volksrust my oupa- en oumagrootjie se grafte daar kon sien, want Volksrust het 'n groot rol gespeel in my pa en sy broers se lewens.
Hoe ouer mens word, hoe meer vind jy vrede as jy kan uitvind waar jy en jou voorsate vandaan kom en almal verdien dit dat daar eerbewyse oorbly.
Baie sterkte met hierdie projek verder.

Reply

Grunaille Marks
2021-11-17 at 23:36

What a gem! Well written and researched, Mr Fortuin. Knowledge is indeed power, this article not only uncovers rich history, but it is a huge contribution to Cape Town and South African History. Insightful, and thought provoking indeed. Thank you for giving of yourself by unearthing a part of our history which many of us are not aware of.

Excellent article, Mr Fortuin.

Reply

Clement Mansfield
2022-03-02 at 21:23

Baie dankie vir hierdie belangrike artikel, Chefferino! Die bestaan van die begraafplaas is vir my nuus en vir iemand wat 17 jaar al skuins oorkant werk, het ek altyd die gevoel gekry van 'n ryk geskiedenis in die grond. Daar is nog baie meer stories om te vertel. Hou aan, die Harde pad is lank.

Reply

Reageer

Jou e-posadres sal nie gepubliseer word nie. Kommentaar is onderhewig aan moderering.

Reageer

Jou naam*

Jou e-posadres*

Save my name, email, and website in this browser for the next time I comment.

PLAAS

Stel my in kennis indien nuwe kommentaar bygevoeg word.

© 2022 LitNet. Alle regte voorbehou | All rights reserved